Tweede uitgawe
2021

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520 en Bruce Carter
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte–Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Vergadering 10 April	2
Snippets	7
Bome grawe	8
Dig at Rustenburg	10
Vergadering 1 Mei	12
Bonsai kalender	22
Snippets	23
Sorg skedule	24

Van die redakteur

Beste Bonsai Vriende

Mens hoor dikwels iemand sê: "Ek het spoor verloor van tyd." Tyd is 'n waardevolle kommoditeit. Mens kan dit nie koop nie, ook nie leen nie en ook nie hernieu nie. Jy kan wel totaal (somtyds 'n paar sekondes en somtyds langer) in die 'oomblik' vasgevang wees.

Atlete beskryf dit dikwels as "being in the zone" of om "in the flow" te wees. Dit kan behels dat jy:

- Totaal betrokke is in die aktiwiteit
- 'n Gevoel van ekstase ervaar
- Innerlike duidelikheid het van wat gedoen moet word
- Kennis het dat jy in staat is om die aktiwiteit uit te voer
- Kalmte het met geen ego nie
- Verlies van ervaring van tyd ervaar
- 'n Gevoel het dat die ervaring van die aktiwiteit die beloning is

Soos wat een bron dit beskryf: "Flow occurs when you are doing what you really like to do." (Dit behels nie regtig televisie kyk nie)

"Flow" kan ervaar word deur 'n verskeidenheid aktiwiteite te doen soos bv. 'n werksopdrag, 'n goeie gesprek oor 'n belangstelling, die speel van 'n musiekinstrument, die lees van 'n boek, om iets te skryf. Daar is 'n korrelasie tussen die ervaring van "flow" en emosionele welstand. "Flow" is wanneer jy die regte balans vind om jouself bietjie te dryf sonder om oorweldig te voel. Dit verg 'n gekonsentreerde poging sonder om spanning te skep.

Die werk aan bonsai dalk?

Bonsai groete.

Jaco

Never give up on a dream just because of the time it will take to accomplish it.

Vergadering van 10 April 2021

Vergadering van 10 April 2021 - Mini-uitstalling

Links: Louis het hierdie Ficus natalensis in 2007 van ’n steggie begin. Die boom was op ’n rots en Louis het onlangs die rots uitgehaal.

Regs: Francois sê hy werk nou sowat vyf jaar aan hierdie boom. Hy is nie seker watter soort boom dit is nie, dalk ’n tipe ‘Juniper’?

Vergadering van 10 April 2021 - Mini-uitstalling

Links: Louis het hierdie Nuxia congesta, "Wild Elder" of Gewone Wildevlier nou sowat 4 jaar. Die boom is laat groei en toe het Louis 'n "trunk chop" gedoen en die nuwe takke het gegroei.

Onder: Louis het hier 'n Natalensis oor 'n Witstinkhout laat groei om die wurgvy styl te doen. Die skepping is sowat 3 jaar oud.

Onder: Jaco het hierdie Ficus burttdavyi, Veldvy of Rankvy, in 2003 van 'n klein steggie begin en in 2006 op die rotsie geplant. Hy is in 'n plastiese groeipot en sal moontlik in die somer na 'n bonsaibak geplant word.

Onder: Hierdie Ficus salicifolia, Willow leave fig, het Francois nou sowat 4.5 jaar.

Vergadering van 10 April 2021 - Mini-uitstalling

Links: Louis werk nou so 4 jaar aan hierdie Kokoboom, Maytenus undata.

Regs: Louis het hierdie Laventelkoorsbessie, Croton gratissimus, as klein plantjie by 'n kwekery gekoop. Hy het die boom nou ongeveer 4 jaar.

Bo: Francois het hierdie Seepnetel, Pouzolzia mixta, sowat 3 jaar gelede as 'n steggie begin wat hy by een van die vergaderings, toe die spesie bespreek is, gekry het.

Regs: Adri het die Ficus burtt-davyi, Veldvy of Rankvy, by 'n kwekery gekoop. Sy werk nou so 2 jaar aan die boompie.

Vergadering van 10 April 2021 - Mini uitstalling

Links: Johan sê hierdie is ’n Braziliaanse Kremetart. Heel moontlik ’n Bombax ellipticum. Johan noem dat hy nou so 3 jaar aan die boom werk.

Regs: Erika het voor die vergadering aan hierdie Koorsboom, Vachellia xanthophloea, gewerk. Die boom was aanvanklik baie hoog en Erika het die stam afgesny. Daar was ’n bespreking of die Koorsboom geskik is vir bonsai. Wel, ons hoop om in die toekoms te sien wat Erika kan uitrig.

‘Tip of the month’ - Deur Pieter du Plessis

Dit is so ‘n bitter hartseer dat die “tip” wat Pieter gedoen het nou geplaas word na Pieter se afsterwe. Dit wys weereens hoe betrokke Pieter by die Kai was. In die volgende uitgawe sal ’n huldeblyk oor Pieter geplaas word.

Pieter het genoem dat baie mense probleme ondervind met die water gee van hulle bome as hulle weggaan, of somtyds net nie tyd het nie. Een oplossing, wat ook nie 100% betroubaar is nie, is om outomatiese besproeiing te gebruik. Sommige sisteme is aan jou elektriese krag gekoppel (wat afgaan as daar ‘load shedding’ is) maar ander kan met ‘n battery funksioneer. Pieter het genoem dat hy gebruik maak van drupbesproeing. Jy kry sisteme wat 2 liter per uur gee en ander wat 6 tot 8 liter per uur drup. Pieter maak die pypies aan die boom se stam vas want hy het al gevind dat voëls die pypies kan skuif en dan het die boom droogte. Jy kan ook die pypies met ’n pen in die grond druk. Daar is baie eenvoudige sisteme wat een keer per dag aangaan maar daar is ook sisteme wat in verskillende siklusse gestel kan word, bv. 8 keer per dag asook verskeie dae oor verskillende tye van ’n dag. Een probleem is, dat wanneer jy baie bome het, dit moeilik word om so baie besproeiingspypies te installeer. Pieter het ’n wasmasjienklep op sy kraan maar die het 220v nodig en as die krag af is, is dit ’n probleem. Elkeen moet maar ondersoek instel en eksperimenteer oor wat die beste vir jou werk, as jy so iets sou oorweeg.

Vergadering van 10 April 2021

Die vergadering het behels dat ons ongestyleerde bome bespreek het. Daar was net 5 bome vir bespreking, maar dit was steeds baie leersaam en interessant.

Bo links: Francois het hierdie Olien so drie jaar gelede naby Rustenburg uitgegrawe. Daar was ’n bespreking oor of hy die boom in twee moet verdeel. Ons sal in die toekoms sien wat hy besluit het.

Bo regs: Hierdie Olien van Vorster het hy in 2019 gegrawe na die boom op ’n plaas omgery is.

Onder: Hierdie Kanniedood van Jaco is bespreek en sommer daar en dan hard teruggesnoei. Die twee ‘stompies’ links van die boom is wat by ’n vorige snoeisessie in die grond gedruk is en gegroei het.

Bo regs: Org het die potensiaal van hierdie Juniper bespreek. Daar is besluit dat ’n Literati moontlik sal werk.

Onder regs: Hierdie is ’n Natal vy wat Org bespreek het en toe begin styl het.

Snippets

The below 'warning' was shown at a bonsai exhibition in Manila. Be careful……

Bonsai Sickness

Stage 1 — You become Curios

You begin to appreciate what you see.
You start asking questions to enthusiasts.
You start learning the basic information about bonsai art.
You try to get bonsai material for free.

Stage 2 — You start to spend

You start small, you buy cheap bonsai plants and material.
You get your hands dirty, you water your plants, you pot and repot.
You browse the internet and try to learn other techniques.

Stage 3 — You spend more

You go to bonsai exhibitions, shows and events to meet bonsai enthusiasts.
You speak the same language and pass the time speaking about it for hours.
Your collection grows exponentially and for some reason you feel prouder and happier.

Stage 4 — You can't stop

Spending never stops.
Your "bonsai' maturity increases.
You see and know things differently than when you started.
Your first collection seems dull and you feel the urge to upgrade and replace them.
You get professional help and by the time he is done your collection looks so much better.
You have spent so much time, money and effort, but somehow you want more.

Handige raad as bome gegrawe word—Org Exley

Die volgende raad is gebruik vir mense wat in PE by Coega gaan bome grawe het. Org het dit met die vergadering bespreek.

‘Yamadori’ grawe

Benodig
- Pik
- Graaf
- Snoeiskêr
- Boogsaag
- Groot plastiek sakke vir bome
- Koerant of goiingsak om wortels toe te maak
- 20liter kan vir water vir die bome
- Water vir bome
- Tou om goiingsak/koerant vas te maak aan wortels
- Vleis vir braai
- Broodrolletjies
- Seil vir sleepwa/bakkie
- Tou om seil vas te maak aan sleepwa/bakkie
- Groot skottel vir water in die veld
- Een dosyn bier (Een of twee sal genoeg wees, maar netnou is daar ‘n krisis dan gaan jy dit nodig hê)

Identifiseer boom
- Moenie net grou nie. Besemstokke kan jy in die winkel kry.
- Vat jou tyd en bestudeer die boom.
- Kyk wat maak die boom interessant. Beweging, dooie hout ...
- As jy nie seker is nie, vra hulp. Senior lede is altyd bereid om advies te gee.

Grou van boom
- Verwyder al die onnodige takke. Dit maak dit makliker om by die wortels uit te kom en verminder moontlike skade aan die boom as jy per ongeluk ’n tak afbreek.
- Begin so 20+ cm van die stam af grou.
- Sny die dik wortels op twee plekke skoon af met ’n saag. Dit help later om spasie te verskaf wanneer jy die boom beweeg.
- Behou soveel as moontlik van die fyn wortels.
- As dit moeilik is om by die pen wortel te kom, kan jy hom maar afbreek.
- Jy gaan hom in elk geval afsny.
- Maak die wortels met goiingsak of koerantpapier toe en plaas in ’n plastieksak en gee water (goiingsak moet voor die tyd nat gemaak word. Of anders gaan jy in die veld sukkel om dit nat te kry.)
- Plaas sak in die koelte.
- Wanneer jy huis toe ry, hou die bome uit die wind. Die wind droog die bome uit en die kanse dat jy die boom verloor is groter.
- Wanneer jy by die huis kom, plaas die bome in houers met water vir ’n week, sodat die boom water kan opneem om sy kanse op oorlewing te verbeter.

Vervolg op volgende bladsy...

Handige raad as bome gegrawe word—Org Exley

Boom versorging

- Bestudeer die boom weer ’n keer en besluit watter takke nie nodig is nie en verwyder hulle.
- Sny die dik voor- en agterwortels ook terug nadat jy besluit het wat die voorkant van die boom is. Jy wil nie later die wortels moet terugsny nie omdat die boom nie in die bonsaibak pas nie.
- Verwyder al die fyn groei en blare. Dit vat te veel energie van die boom wat wortels moet ontwikkel.
- Plant die boom in ’n groot genoeg groeibak sodat die boom sterk kan groei.
- Gebruik no 3 hormoonpoeier op die wortels.
- Gebruik grondmengsel wat goed dreineer.
- Plaas geplante bome in ’n posisie waar dit net oggendson kry.
- Laat bome vir twee jaar groei vir wortelontwikkeling. As jy vroeër begin werk aan die boom, kan jy die nuwe fyn wortels beskadig en die boom verloor.

Links: Org gee raad oor hoe die wortels gesny moet word voordat jy die boom wat gegrawe is, plant.

Dig at Rustenburg

Jakes van Heerden arranged a dig for the Kai at a game farm in the Rustenburg area on 24 April.

Some 15 members from the Kai went to the dig. What an enjoyable day it was and what amazing material there is to dig. Some members really collected some amazing trees. Afterwards we had a braai and discussed (or is it bragged) about the trees collected.

Thank you Jakes for arranging everything. Jakes indicated that we might do it again in the future.

On the next page are some of the trees collected. The editor did some collecting himself and did not get time to take photos during the dig. Members were also widespread throughout the farm. We requested photos of collected trees but did nor receive from all the members who was at the dig.

Dig at Rustenburg

Heel links: Kobus het sy eie spannetjie gevat om te help grawe. Links: Kobus het (onder andere) hierdie praktige Buddleja Saligna gekry.

Onder: ’n Paar bome van ’n ‘onbekende’ lid.

Links: Bruce het hierdie boom, wat hy vermoed ’n “Campher Bush” kan wees, gekry.

Onder regs: Jakes het ’n paar Olienbome uitgehaal.

Regs: ’n Paar (nie almal) van Org se Olien-oes.

Bo: Richard het hierdie indrukwekkende Olien uitgehaal.

Vergadering van 1 Mei 2021

Vergadering van 1 Mei 2021 - Mini-uitstalling

Bo: Louis het hierdie Apiesdoring, Acacia galpinii, in 2010 as klein plantjie by 'n kwekery gekoop.

Bo: Louis het hierdie Laventelkoorsbessie, Croton gratissimus, as klein plantjie by 'n kwekery gekoop. Hy het die boom nou so 4 jaar.

Links: Org het met hierdie Celtis Africana, Witstinkhout, in 1992 begin.

Regs: Hierdie Natal Vy het Marie by 'n vergadering in 2010 op die rots geplant.

Bo: Louis het hierdie Karoohuilboerboon, Schotia afra, as klein plantjie in 2009 by 'n kwekery gekry.

Vergadering van 1 Mei 2021

Die tema van die vergadering was **"How to make a bonsai tree trunk thicker"** en is aangebied deur Johan Els. Johan het n "Powerpoint presentation" gebruik en soos altyd is baie meer inligting gedurende die vergadering gedeel as wat in die aanbieding onder gegee word.

How to Make A Bonsai Tree Trunk Thicker

Vergadering van 1 Mei 2021

Split the Trunk

By splitting the trunk from the very base, you can get immediate results. However, it is crucial that this particular technique for thickening the trunk of a bonsai is only applied to trees that are able to recover from such type of a traumatic treatment.

For example, Boxwood, Junipers (most), Ficus varieties as well as Elms are capable of responding very well to the split trunk method. Do make sure that the tree you are about to split at the base of the trunk is healthy and vigorous, though, or else it may still have a troublesome time with recovering.

Splitting the trunk should happen at the beginning of the growing season.

Start by taking the tree out of the pot and remove the soil of the roots by washing it away. Using a trunk splitter, wood chisel, rotary tool or a saw, split the trunk from the bottom up.

To help keep the split trunk apart, you can use wire or wood wedges. Let your tree take the time to heal. If you want to speed up the healing process, you can temporarily opt for placing your tree in a oversized pot. Doing so allows the roots to enlarge and be better managed in the future.

Vergadering van 1 Mei 2021

Induce Swelling

An ancient Japanese technique used by some of the most highly respected bonsai masters. You can make use of a *wire tourniquet* with the clear intention of inducing swelling.
When placed around the very base of the tree, you can create an excellent *tapered trunk*, even with tree species with trunks that are not naturally tapered, which is the case with Chinese Elms for example.
Do keep in mind that this method can grant you very quick results. If applied to fast growing species, you can expect to see the trunk thickened within a single growing season.
However, you also need to remember that this method leaves permanent scarring. Apply it with moderation and caution.

The Sacrifice Branch Technique

You can run one or more sacrifice branches in order to thicken the trunk of your bonsai.
A sacrifice branch refers to carefully selected branches that a bonsai practitioner allows to grow as thick and as long as possible. By doing so, the sacrifice branch causes the trunk to thicken. Once the desired thickness of the trunk is achieved, the sacrifice branch is sacrificed, or in other words, cut off. The process can be repeated over and over again. It gives best results when when you grow your bonsai either directly into the ground outdoors or in large pots so that the sacrifice branches can grow bigger, therefore, helping the trunk thicken significantly.

Above photo taken from //www.bonsaitree.co.za with the permission of Terry Erasmus.

Vergadering van 1 Mei 2021

The Sacrifice Branch Technique

You can grow a sacrifice branch or branches at the very top of your bonsai tree, and this will help for the entire trunk to thicken. If sacrifice branches are located at the lower parts of the tree, it is in the lower sections where the trunk will be thickened.
The sacrifice branch technique is most commonly used on Pines. It can be used on other tree species though.
With Pines, it is good to consider their apical dominance. Because of the apical dominance , Pines tend to focus their entire growth energy away from the lower branches in favor of the top of the tree. Thus, sacrificing lower branches does not produce the best results with Pines.

Intentional Scars

You can intentionally scar a Pine or Juniper bonsai tree to help the trunk thicken. Using a carving knife, you need to cut vertically through the bark until you reach the sap layer.

It is by producing scar tissue that the tree will thicken its trunk as the time passes. But do not forget that these scars are a type of injury.

Thus, limit yourself to carving 3 and up to 4 vertical lines as not to cause your tree more damage than good.
Cut at the exact trunk area that you want to thicken, for example, the base if it is the base that you want to become fuller and stronger.

Vergadering van 1 Mei 2021

Growing in Large Pots

When the pot of your bonsai is large enough, **the miniature tree's roots will be able to** reach deeper into the soil in search for nutrients. As a rule of thumb, the longer and thicker the roots, the thicker the trunk.

Growing in the Ground

Bonsai trees are not a special kind of tree. They are full-size trees that have been restricted in a small pot to keep its miniature size. If you remove a bonsai tree from its pot and plant it directly in the ground, it will ultimately grow to its normal size. It will take several years for the tree to grow to its full size, so many bonsai gardeners will plant their trees in the ground for a short time to encourage trunk growth. Once the tree trunk is at the desired thickness, gardeners will remove the bonsai from the ground and put it back in a shallow pot to stop the rapid growth.

It can take years to thicken a bonsai trunk using this method. Gardeners who use this method prefer to use fast growing tree species such as Chines Elm ir Ficus.

You also need to evaluate and solve potential problems when you plant your tree in the ground.

Vergadering van 1 Mei 2021

Weather and Temperature

Before growing your bonsai tree in the ground, make sure your bonsai tree can survive living outside all-year-round. Tropical trees that require high humidity and warm weather will not survive harsh winters.

Soil nutrients and Drainage.

If you plant your bonsai tree in soil that is not properly fertilized, it may not grow properly. If the soil does not offer proper drainage, you risk root rot which may ultimately kill your bonsai.

Pests and Diseases

Planting your bonsai tree outside exposes it to pests and diseases. Routinely check on your plant so you can treat it quickly if needed.

An alternative to growing a bonsai in the ground is planting the tree in a large pot. Growing a bonsai tree in a large pot provides the gardener more control during the rapid growth period.

Trunk Merging

Merging the bonsai trunk is a fast way to develop a thick trunk. This method, sometimes called trunk fusion, will not work on an existing bonsai tree. Instead, **you'll need to tie together several sap**-ling trees so they can eventually merge and create the illusion of becoming one tree. Trunk merging works best with fast -growing tree species like Chines Elm or Ficus. Trunk merging is not a traditional way to thicken a bonsai tree trunk, but many gardeners use this method be-cause it is a fast way. Merging can occur after a few months of the saplings being tied together. The trunk merging meth-od gives gardeners more control of the tree design. They can plan the size and begin tapering early.

Vergadering van 1 Mei 2021

Trunk Merging

There are some disadvantages to using this method. If any of the saplings die during the fusion process, it can leave gaps in the trunk and **lengthen the fusion time. You'll need to set** aside a few seedlings to replace any dead trees. If you chose not to use a rooted cutting from a parent tree, you risk merging saplings with different characteristics. This will ultimately affect the aesthetics of your bonsai tree as each side of the tree can have different foliage. One sapling can dominate the resources and cause oth**er saplings to die off. It's important to ensure** there is enough light, water, and nutrients to encourage growth in all the trees.

Cut Back the Trunk

Cutting the bonsai trunk back is one of the best methods to create a thick, tapered trunk. This technique works best when your tree is grown in the ground. As your tree grows, you will cut down the trunk to encourage it to get thicker and tapered.
Once you see a part of the trunk where it has reached the desired thickness, you will make the first large cut. This will be about one-third of the desired height of your bonsai tree. Your tree may be very tall, sometimes up to 10 feet tall, before making the first cut. You will cut down the trunk to several inches. After that, you will let the tree grow out again.

Vergadering van 1 Mei 2021

Cut Back the Trunk

After the first cut, keep your tree in the ground and let branches grow. You will use the sacrificial branch technique to encourage more thickening at the lower portion of the trunk. You will continue to make more large cuts as the trunk thickens. For a realistic look, you will have to make at least 3 major cuts. In the end, you will be left with a strong tapered trunk.

Cutting back the trunk will leave the bonsai with big scars that will take several years to heal. It can be difficult to establish a formal upright or broom-style design using this method.

Bend the Trunk

Bending the bonsai tree trunk is a great method to thicken the trunk without having large scars. This technique focuses on tree move-**ment and flow. It's designed for** tree species that grow a lot of side branches. You will need to start with a tree sapling. It is difficult to bend the trunk if it is too thick so it is best to start with a young tree.

At the end of the growing season, use wire to bend the main trunk downwards and bend the side branches upwards at the same time. Over time, the side branches will thicken up slower than the main trunk and create a nice ta-pered look.

Vergadering van 1 Mei 2021

Phoenix Graft

Root over rock

References:

Google and the internet.

The new Bonsai Book for 2019 by Harry Harrington, Jennifer Nickson in Grow.

Wikipedia

Oorplant beplanning

Winter is ’n stil tyd. Jy kan egter nou beplan watter bome jy wil oorplant. Daar is verskeie redes hoekom jy bonsai oorplant en dus verskeie dinge om in ag te neem in jou beplanning. Mens plant nie net op ’n skedule oor nie. Te gereelde oorplant kan ook sleg wees vir ’n boom indien dit nie regtig nodig is nie.

Sommige bome is al so ‘potbound’ dat hulle uit die pot druk. Jy sal moet besluit of jy drastiese wortelsnoei gaan doen en dieselfde pot weer gebruik en of jy minder wortelsnoei gaan doen en ’n groter pot gaan gebruik. Indien jy ’n groter pot gaan gebruik, kan jy daarvoor beplan. Daar moet op grootte, vorm, kleur ens. besluit word. Dalk dink jy net dat die boom ’n mooier pot verdien. Miskien is jy nie tevrede met hoe die boom in die pot staan nie. Dalk wil jy ’n nuwe voorkant hê of ’n ander helling.

Jy kan ook moontlik opmerk dat ’n boom nie meer so welig groei nie. Dit kan ’n teken wees dat die boom nuwe groeimedium nodig het. Maak net seker dat die boom se agteruitgang nie is van te veel of te min water nie; Ook nie dalk van ’n tekort in voeding of selfs te veel of te min son nie. Daar is dalk ’n digte laag mos op die grond en water en suurstof kom kort.

Maak seker jy het ook genoeg en die regte groeimedium.

Lees maar bietjie op oor spesifieke spesies en hoe hulle hanteer moet word tydens en na oorplanting. Nasorg is BAIE belangrik vir die oorlewing van bome na oorplant.

REKLAME

ROBINSON & KRUGER
PROKUREURS / ATTORNEYS
SINCE 1995
BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM ‘N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN ‘N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY “JA” ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus?

Hierdie twee maande verteenwoordig middel- en laat-winter. Dit impliseer dat ons boompies hulle nog in 'n dormante stadium bevind. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sononder natmaak nie. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees 'n paar bonsai boeke en tydskrifte.

Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?
Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

NO WINTER WIND SHALL CHILL MY GARDENING HEART

Blake Schreck

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Gardens, along with other greenery, help to combat air and noise pollution in our towns and cities. They lower the temperature during heat waves and reduce the risk of flooding caused by rain storms. They may help buffer us against climate change, and they may help some wildlife species to cope better with climate change.

Inspirasie uit die natuur

Hierdie foto is op Facebook gesien. Die persoon wat die foto geneem het is genader vir toestemming om die foto te plaas.

Die boom is ’n Schotia Brachypetala (Weeping Boer Bean), Huilboerboon in Afrikaans.

Die boom is afgeneem deur Michael Persson op sy plaas in die Suide van Mosambiek.

Sou dit nie mooi wees as ’n bonsai so kon blom nie?

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.